

SONDAG 49

VRAAG EN ANTWOORD: 124

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat is die derde bede?			
Antwoord: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee	1	Matteus 16:24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.	Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,
		Titus 2:11-12 Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,	Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe
om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees,	2	Lukas 22:42 en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!	"Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"
		Romeine 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.	Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.
		Efesiërs 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;	Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is,
sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer	3	1 Korintiërs 7:24 Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God.	Broers, elkeen moet God dien in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het.
soos die engele in die hemel	4	Psalm 103:20-21 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, al sy leërskaars, sy dienaars wat sy welbehag doen!	Loof die Here, magtige engele wat sy opdragte uitvoer, sy bevels gehoorsaam. Loof die Here, alle hemelwesens wat Hom dien en sy wil doen!